

# Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 205**

(Mei 1986)

**God se oordeel kom!**

\* \* \* \* \*

"Vrees God en gee aan Hom die eer, want die tyd  
het aangebreek vir sy *oordeel*"

(Openbaring 14:7)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# Praat met Jesus oor Sy kruis

Bid u ook gereeld?

Dan praat u ook met Jesus.

En dit is van die allergrootste belang vir ons hele lewe op aarde en in ewigheid.

Deesdae kry 'n mens byna nie meer tyd om met mekaar te praat nie. Die gejaag van die tyd en die lewendrukke maak dit baie moeilik om doelbewus met mekaar te praat.

Maar om met Jesus Christus te praat is totaal anders. As ons met Hom in gesprek kom . . . bid . . . gaan dit oor ons lewe in afhanklikheid van GOD.

Dit gaan oor ons saligheid. Ons lewe na dood.

So was ook hierdie gesprek wat in Luk. 9 vir ons so pragtig beskryf word. Jesus het drie van sy dissipels uitgesoek en saam met Hom die besondere berg opgeneem. Hulle name was Petrus, Jakobus en Johannes. Maar terwyl hulle vier op die berg was, het die Here Jesus se gesig anders geword en sy klere het begin skitter. En dan sluit nog twee mense by hulle aan. Maar wat baie besonder was daarvan, is dat hulle twee het honderde jare GELEDE reeds op aarde geleef. Moses was al lankal dood en God het hom begrawe. (Deut. 34:5, 6). Die ander een was die profeet Elia.

Elia het nie gesterf nie, maar is deur God in die hemel opgeneem in 'n storm. (2 Kon. 2:11).

Maar die twee manne wat baie lankal reeds op die aarde klaar geleef het, het nie maar sommer soos spoke — as daar so iets is — rondgedwaal nie. Maar het spesiaal met Jesus kom praat oor Sy kruisdood wat op Hom in Jerusalem gewag het. Hulle het reeds die hemelse heerlikheid gesmaak in die verlossingsbloed van Jesus wat toe op daardie tydstip nog moes gaan sterf.

Jesus se bloed het op daardie tydstip hulle alreeds gered wat in die geloof in Hom geleef het. Hulle twee het reeds die oorwinning in Christus gesmaak.

Oorwin . . . dit is . . . triomfeer.

Hulle was lid van die *triumferende Kerk*.

Hulle het ook gekom om die sondelas van almal wat die wet oortree het en van harte berou gehad het, aan Jesus op te dra. Daarvoor was Moses daar, namens die wet.

Elia was daar namens die profetiese woord wat gespreek is om te preek teen die sonde en om die koms van Jesus te verkondig.

Maar Petrus, Jakobus en Johannes was nog in hierdie lewe en was besig om te stry teen die sonde.

Hulle was nog lid van die *strydende Kerk*.

Tans is hulle ook lid van die Triomferende Kerk, maar ons is nog lid van die Strydende kerk.

Ons worstel nog voort teen die sonde en versoeking tot God ons tot hoër diens kom roep om ons tot die ewige Vaderhuis te neem. Daar is geen ander manier om die ewige LEWE in te gaan nie, as net deur Christus met SY KRUIS. Hy het mos self gesê dat "*niemand kom tot die Vader behalwe deur My nie.*"

**STRYDEND of TRIOMFEREND**

**Die SALIGHEID**

**in die NAAM**

**en BLOED**

**van die HERE JESUS . . . ALLEEN.**

***Ds. Andries H. Mulder.***

# Die skape en die bokke word geskei

(Matt. 25:32)

"Hy sal die mense van mekaar skei soos 'n wagter die skape van die bokke skei."

Wanneer Christus kom, weet ons nie, maar dát Hy gaan kom, is seker — en wát Hy gaan kom doen, weet ons. Hy gaan naamlik ELKE mens kom oordeel.

Hy gaan 'n skeiding bring wat elke mens, wat leef en geleef het en gaan leef, raak.

## **SKEIDING**

Wanneer die skape en bokke in die veld loop, dan is hulle deurmekaar, maar as die herder in die aand by die kraal kom, dan skei hy hulle.

In hierdie lewe leef die regverdiges en die goddeloses saam. Maar op die laaste dag word hulle finaal van mekaar geskei.

'n Skaap is 'n lydsame en saggeaarde dier. Die skape is die beeld van die regverdiges. Hulle kom aan die regterkant van hulle hemelse Regter te staan. Hulle is die vrygespreektes.

'n Bok is nie soos 'n skaap nie. Dit is 'n wederstrewige en balhorige dier.

Die bokke sal Christus aan sy linkerkant laat staan. Hulle is die veroordeeldes.

## **GESPREK IN DIE HIERNAMAALS**

In die hiernamaals vind daar 'n gesprek tussen die Regter en die verhoordes plaas.

Eers praat Christus met die aan sy regterhand. En die eerste woorde wat hulle hoor, is: "Kom!"

Hulle *word uitgenooi*. Hulle *word beveel*! Kom hier! Kom na my toe!

Dit is waar julle hoort: By My. Ek is julle Koning. Ek is julle God.

In die hiernamaals is julle bestem om vir ewig by My te bly!

Julle kan nou julle erfenis in besit neem. Julle kan nou die genot en die vreugde van die ewige lewe in sy volle omvang smaak.

"Die Koninkryk is van die skepping van wêreld af vir julle voorberei. Neem dit as erfenis in besit." (vs. 34)

Dit wat in hierdie bedeling voor die wederkoms van Christus verborge was en van sodanige heerlijkheid is dat geen oog dit gesien het nie, en geen oor dit gehoor het nie, en die vreugde van so 'n aard was dat geen mensehart dit ooit gevoel het nie — dit gaan jy nou sien en hoor en ten volle geniet.

Dit is eenvoudig oorweldigend: Jy is salig! 1 Pet 1:5 :

"Omdat julle glo, word julle ook deur die krag van God veilig bewaar vir die saligheid wat reeds gereed is om aan die einde van die tyd geopenbaar te word."

Hierdie mense wat vrygespreek word, het hulle geloof in Christus uitgeleef. Hulle geloof was nie net mooi woorde en mooi voornemens nie. Hulle het hulle geloof met hulle dade bevestig. In die gewone gang van hulle lewe, het hulle die beginsels van die Skrif uitgeleef.

## **DIE BOKKE**

Hoe verskriklik is die woorde nie wat die bokke uit die mond van die lewende God moet hoor nie!

**Vs. 41:**

"Gaan weg van my af, julle vervloektes! Gaan na die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele voorberei is."

Die aan Christus se linkerkant word ook die weg na hulle eindbestemming gewys: "Gaan na die ewige vuur." Hierdie mense was hier op die aarde aan die vader van die leuen gehoorsaam — en daarom vind hulle ook hulle tuiste in die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele voorberei is.

Gepynig deur die ondraaglike pyn van die hel, word hulle vir ewig verwerp! Vir ewig!

Die groot probleem met hierdie mense is dit: "Ek ken julle en Ek weet dat julle nie die liefde vir God in julle het nie." (Joh. 5:42) Christus se kruisdood sê vir hulle niks. Hulle het sy genade en sy liefde onder hulle voete vertrap.

Die tyd voor die wederkoms van Christus is vir ons van beslissende belang met die oog op wat met ons gaan gebeur by die eindoordeel.

Hou in die hede rekening met môre!

Hou elke dag rekening met Christus!

Plaas Christus daadwerklik in die middelpunt van jou lewe!

Hy gaan almal van ons skei soos wat 'n mens skape en bokke van mekaar skei!

***Ds. A. H. Grove***

# Die 144 000 — Geoordeel

(Openb. 14:1)

Is u, liewe leser, deel van die 144 000?

So baie is al oor hierdie gedeelte gespekuleer, en net so baie misverstand is oor die 144 000.

Oordeel oor die 144 000 is voltrek. Skuldig bevind, maar in Jesus Christus vrygespreek. Daarom dra hierdie 144 000 die teken van die Vader en die Lam. Dit is die uitverkore volk!

Toe die skape en die bokke van mekaar geskei is, het Jesus as die goeie Herder Sy skape geneem die ewige saligheid in. Hulle name is in die boek van die lewe verseël, hulle het die kroon van die lewe ontvang, hulle is God se eiendom, hulle is die 144 000.

Is dit letterlik net 144 000?

Nee, die getal is simbolies.

Twaalf stamme sal in God se ewige koninkryk die nuwe aarde bewoon. Die getal twaalf die simbool van volheid. Elke stam sal twaalf keer vol wees — weer die simbool van volheid. Elke stam sal ook in duisende verteenwoordig wees. Die 144 000 wys dus op die volk van God, wat in sy volheid en totaliteit in die ewigheid sal regeer.

Maar dit sê nog meer.

Soos 12 x 12 x 1 000 vir u 144 000 gee dus — 'n presiese getal, so sal 'n presiese getal die ewigheid beërwe. Niemand wat tot dié getal behoort sal verlore gaan nie. Elkeen wat daarby hoort sal daar wees om die Lam te volg waar Hy gaan.

Elkeen wie se naam verseël is in die boek van die Lewe is deel van die 144 000.

U as deel van die 144 000, is u bewus van God se uitverkiesende genade? Het God se genade u al opgewek tot die ywerige lidmaatskap van die volk van God, die 144 000 wat in Christus vrygespreek is en die teken van die Lam dra.

Skrifberyming 36 vers 4:

Dis hulle wat, op aarde rein,  
voor God nou maagd'lik kan verskyn,  
as eersteling, aan God gewy  
en aan die Lam, deur loskoop vry.  
Agter die Lam kom hulle aan,  
hul volg Hom waar sy voetstap gaan.

**Ds. L. H. van Schaik**

# Die oordeel aangekondig

"Vrees God . . . , want die tyd het aangebreek vir sy oordeel." (Openb. 14:7).

Voordat die voleinding plaasvind,

voordat die vreeslike eind-katastrofe losbreek,

voordat God in die eindoordeel sy toorn in volle maat oor 'n ongelowige mensdom uitstort,

— sal Hy eers vanuit die hemel waarskuwingstekens oor die wêreld laat uitgaan.

Daarvan vertel Johannes in die 14de hoofstuk van sy Openbaring-boek. Die dreuning van donderweer en die bliksemlygte van God se waarskuwing weerklink hier oor die wêreld, sodat elkeen kan sien hoe naby en hoe dreigend die finale storm is.

Die drie engele wat Johannes een na die ander sien verskyn, kom elkeen met 'n onheilspellende hemelse boodskap, en hulle kondig aan wat die digter van Ps. 98 eeue vantevore reeds geprofeteer het:

"Hy kom, die Regter van die volke,  
omstraal deur reg en majesteit;  
Hy span sy vierskaar in die wolke  
en oordeel in regmatigheid."

Hierdie aankondiging van die oordeel word hier genoem 'n "ewige Evangelie, 'n goeie boodskap wat vir ewig van krag bly." En die inhoud van die boodskap is:

"Vrees God en gee aan Hom die eer, want die tyd het aangebreek vir sy oordeel." (Openb. 14:7)

Eeue lank het God deur sy profete en apostels . . . en evangeliedienaars sy Woord laat verkondig, en die onafwendbaarheid van sy oordeel bekend gemaak.

En as die stem van die evangeliedienaars in die laaste dae stil gemaak word deur die lawaai van die Antichris en die valse profeet, en die kerk van die Here op aarde verstrooi en onttrag word — dan sal God ander metodes aanwend om sy Woord oor die aarde te laat weerklink.

— Hy sal sorg dra dat sy Evangelie nog vir laas verkondig word.

— Hy sal sy engele uitstuur om die bewoners van die aarde te waarsku.

'n Laaste erediens sal plaasvind, waartydens 'n engel as hemelse prediker die goeie boodskap sal bring aan al die bewoners van die aarde — aan elke nasie, stam, taal en volk.

Niemand sal sy ore vir hierdie hemelse prediking kan sluit nie.

Elke mens op hierdie aarde sal daarna móét luister.

Almal wat lankal nie meer wou erken dat daar 'n God in die hemel is nie. Almal wat nooit na sy Woord wou luister nie,

— wat nooit in die Kerk gekom het nie,

— wat gereeld allerhande verskonings aangevoer het.

Van hierdie laaste erediens sal *niemand* kan wegbly nie! Die oordeelsaankondiging moet elkeen bereik: "**VREES GOD.!**" As die mensdom hierdie twee woorde gelowig wou aanvaar, sou alle probleme opgelos word,

— alle wanverhoudinge reggestel word,

— alle haat en nyd en vyandskap tussen mense verdwyn.

Die aankondiging van die oordeel word 'n ewige evangelie genoem, 'n goeie boodskap.

Dit sê dat God in sy genade tot in die laaste uur nog sy Woord laat verkondig.

Dit sê dat ons nog in die genadetyd lewe.

Die oordeelsprediking van die laaste uur word nog gedra deur God se liefde.

Aan elkeen word nog die geleentheid gebied om sy toevlug te neem tot Jesus Christus, wat die oordeel gedra het en die genade verwerf het vir elkeen wat glo.

**Daarom:**

"As jul vandag sy roepstem hoor,  
verhard jul nie, maar neig jul oor,  
merk op die roep van sy ontferming."

***Ds. Pieter van der Walt***

# As die laaste sekonde slaan

Alles het 'n begin . . . en 'n einde! So ook hierdie wêreld. Dus lees in Genesis 1:1:

"In die *begin* het God geskape."

En in Openb. 20 vanaf vers 11 lees ons van die *einde* van die skepping . . . dis God se oordeel!

As die einde dan aanbreek, word daar in die hemel twee boeke geopen.

Die eerste boek is 'n mense-boek ... die boek van elke mens se daad! 'n Boek waarin geskryf staan wat jy alles gedoen het. En weet jy . . . elke dag is elke mens besig om sy boek te skrywe ... die boek van sy daad! Op. 20:12 sê:

*Daardie* boek gaan op die einde oopgemaak word!

Maar daar is ook 'n tweede boek wat dan oopgemaak sal word — dit is die boek van die lewe! 'n Goddelike boek ... die boek van God se uitverkiesing . . . 'n boek met *name* van God se uitverkore kinders. Hierdie boek is die heilige testament van God — geskryf met die bloed van Jesus Christus.

En nou sê vs. 15 van Op. 20 . . . : As elke bladsy van jou "lewensboek" Christus as inhoud het . . . — ja, as elke bladsy God se Woord en kerk as basis het . . . dán sal dit met jou goed gaan in daardie laaste sekonde van die tyd.

Máár . . . sê vers 15: "As daar gevind is dat iemand se naam *nie* in die boek van die lewe geskrywe staan nie, is hy in die vuurpoel gegooi."

**Daarom . . .**

- dis mos nie nutteloos om die stryd van die geloof te stry nie
- dis mos nie tydmors om jou Bybel te lees en te glo nie
- dis mos nie verniet dat daar 'n kerk is nie
- dis mos nie sinloos om die kerk te besoek en te bid nie . . .

**Nee ... dis noodsaaklik ... dis lewensbelangrik.** Want vers 13 sê: "Elkeen word geoordeel volgens wat hy *gedoen* het."

Daarom die vraag, geliefde leser:

- *Wat doen jy?*
- *Wat doen jy in verband met kerkbesoek en Bybellees en gebed?*

Dóén dit . . . maar doen dit gelowig in die vaste wete:

**Daar is genade vir elke sondaarmens! Die genade van Jesus Christus wat alle verstand te bowe gaan.**

En mag ons elke dag bid:

**Here, wees my genadig . . . vandag . . . sodat die einde vir my salig sal wees!**

***Ds. Nico Ligthelm.***